e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

12 Januarie 2012
Jaargang 4 – Uitgawe 42

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Die nuwe jaar
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Verootmoediging en loutering bring genesing

Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. **(Johannes 13: 15)**

2011 was in baie opsigte 'n moeilike jaar. Statistieke toon dat die gevestigde kerke, soos ook die Hervormde Kerk, steeds meer lidmate verloor. Meer en meer gemeentes van die Kerk ervaar dat hulle in 'n finansiële oorlewingstryd vasgevang is. Daar moet saamgewerk of gekombineer word. Gemeentes ervaar hierdie veranderinge as traumaties omdat hulle glo hulle identiteit en kerkwees word bedreig. Die Kerk het verdeeld geraak oor apartheid. Daar was bedenkinge en beskuldigings oor dwaalleer. Daar was groepvorming tot die mate dat lidmate en kerkrade en ampsdraers die ander wat nie deel van hulle groep is nie, beskuldig van verraad, van lafhartigheid, van boosheid, dat hulle antichristene is...

Na dit alles sit die Hervormde Kerk met 'n groot stuk seer. Daar is verwonding en pyn en trauma oor wat medegelowiges mekaar aangedoen het. Daar is steeds mense wat mekaar wantrou, oor mekaar skinder en verdeeldheid in die hand werk. Dit alles veroorsaak 'n spiraal van konflik en geweld wat verder en verder van God af lei en 'n geloofsgemeenskap en die Kerk verdeeld en verbitterd en ontredderd kan laat.

Die Buitengewone Algemene Kerkvergadering het begin om 'n ander koers aan te dui. Dit is dat daar heling behoort te kom. Dat ons as kinders van God wat mekaar broers en susters noem teenoor mekaar sal optree soos Christene teenoor mekaar behoort op te tree. Dat lidmate en ampsdraers en vergaderings mekaar sal vertrou en positief sal saamwerk om die evangelie van die gekruisigde en opgestane Here Jesus Christus te verkondig. Dit is ons roeping om in liefde met mekaar te praat oor die verskille wat daar steeds is. Dit vra van elkeen 'n gesindheid van nederigheid, om jou te verootmoedig en te laat louter.

Die Kommissie van die AKV wil graag die Kerk in so 'n proses van verootmoediging en loutering voorgaan. Dit behoort te begin by omgaan met die Woord van die Here. Om te luister na die Woord en om te doen wat die Woord sê. Hoewel dit vanselfsprekend mag klink dat gelowiges na die Woord moet luister en moet doen wat die Woord sê, gebeur dit nie. Trouens, baie van die dinge wat in vergaderings aangaan, die wyse waarop gelowiges teenoor mekaar en teenoor die Kerk optree, toon min daarvan dat hulle na die Woord luister en doen wat die Woord sê.

Die Kommissie wil derhalwe die Kerk, vergaderings, ampsdraers en lidmate uitnooi om vanjaar besig te wees met die Woord van die Here. Die Kommissie nooi Ringskommissies maar ook ander belangstellende lidmate om op 28 Februarie 'n inligtings- en besprekingsvergadering by Gemeente Wonderboom by te woon. Daar sal aan die hand van ons tema, *In Christus se voetspore*, besin word oor leiding aan gemeentes en vergaderings. Daar sal toerustingspakkette beskikbaar gestel word aan ringsvergaderings en kerkrade oor hoe om die vergaderings in die eerste plek rondom die Woord saam te kry en op grond daarvan verder te besin oor die werk in die ringe en gemeentes. Daar sal ook 'n preekreeks met begeleidende moontlike liturgieë beskikbaar gestel word wat predikante kan help om gemeentes in eredienste voor te gaan met die tema.

Dit is die gebed van die Kommissie dat almal in die Kerk hierdie geleentheid sal aangryp om onder mekaar, in die gemeentes, in die Kerk opnuut te luister na die Woord van die Here en te doen wat die Woord van die Here sê. Dan sal ons kan loskom uit die lelike en negatiewe en pynlike, en positief kerk van Jesus Christus en kinders van God kan wees.

Dr Daan van Wyk (jr)
Voorsitter: Kommissie van die AKV

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

DIE NUWE JAAR

´n Nuwe span!

Hierdie is die eerste *e-Hervormer* wat onder redakteurskap van **dr André Ungerer**, predikant van Gemeente Klerksdorp-Doringkruin, saamgestel word. Die nuwe sub-redakteur, wat veral betrokke is by die inisiëring van die voorbladartikels, is **ds Etienne Fourie** van Gemeente Kempten. Kerknuusinsette word deur dr Wouter van Wyk van SENTIK gedoen. Mev Tessa Oppermann is steeds die samesteller/teksversorger, en die uitleg word behartig deur mej Izelle Marx en/of mev Francis Nel.

Ons sien uit na die insette en pennevrugte van die nuwe span!

Die produksiespan, Izelle, Francis en Tessa

Dr André Ungerer

Ds Etienne Fourie

Dr Wouter van Wyk

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds André Oberholzer

Ds Theuns Botha

Beroep ontvang

- **Ds Louw van der Linde** van Meyerspark na Grootfontein/Tsumeb
- **Ds Pierre Roets** van Springs-Oos na Ventersdorp
- **Ds Theuns Botha** van Ottosdal na Middelburg-Noord (benoeming)
- **Ds Frans Marais** van Grootvlei na Vaalharts
- **Ds Hans Britz** van Outjo/Otjiwarongo na die Kuruman-kombinasie
- **Ds Marius Kramer** van Rustenburg-Suid na Hartebeeshoek

Ds Hennie Louw

Beroep aanvaar

- **Ds André Oberholzer** (beroepafwagtend) na Harrismith (deeltyds)
- **Ds Theuns Botha** van Ottosdal na Middelburg-Noord (benoeming)
- **Ds Hennie Louw** van Kampersrus na Newcastle

Beroep bedank

- **Ds Marius Kramer** van Rustenburg-Suid na Hartebeeshoek



Ds Pietie van Wyk

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

- Emerituspredikant **ds PARC (Pietie) van Wyk** is op 26 Desember 2011 in die ouderdom van 94 jaar oorlede. Die gedenkdiens het op 5 Januarie 2012 by Ons

Tuis Dienssentrum in Pretoria plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan mev Lenie van Wyk en die familie.

- **Mev Baby Fourie**, jarelange lidmaat van Gemeente Krugersdorp-Oos en moeder van ds Etienne Fourie van Kempten, is op Sondag 18 Desember in die ouderdom van 87 jaar oorlede. Sy het kanker gehad. Ons innige simpatie gaan aan ds Etienne en sy familie.

- **Isaac Wagner**, Gemeente Johannesburg se orrelis sedert April 2003, is op 5 Desember 2011 skielik weens vaskulêre bloeding oorlede. Hy was 61 jaar oud. Isaac het die gemeente die oggend van 3 Desember gevra om 'n ander orrelis te reël omdat hy baie sleg gevoel het. Hy het die afgelope tyd vanaf Potchefstroom gery om Sondae die gemeente te kom begelei. Ons innige simpatie gaan aan sy twee dogters en drie kleinkinders.

- **Hettie Seymore**, Gemeente Coligny se kassier sedert 1964, het vroeg Dinsdagoggend 27 Desember 'n beroerteaanval gehad. Sy is verlede Saterdag oorgeplaas na Coligny se Najaarsrus-oord vir verswakte bejaardes; sy is nog aan die regterkant verlam en kan nie praat nie. Die gemeente het op 2 Desember saam met tannie Hettie haar 85ste verjaardag gevier, en is vol lof vir haar 47 jaar onbaatsugtige toewyding en harde werk; sy het nog al haar boeke met die hand gedoen, sonder 'n rekenaar, en die korrektheid is elke jaar duidelik in die ouditverslae. Ons bid haar algehele herstel toe.

- **Gemeente Trichardtsfontein** neem na 24 jaar afskeid van **ds JAC (Jan) Rossouw**. Hulle nooi al die predikante wat hom ken en/of wat in die ring van Trichardtsfontein is om op **Sondag 22 Januarie** om 11:00 na ds Rossouw se uittreepreek te kom luister. Daar sal na die diens 'n ete bedien word. Verwittig Elise by 017 638 1134 (Maandae-Donderdae van 08:00-13:00) indien u die geleentheid gaan bywoon.

Ds Gerhard Stoltz

Prof Andries van Aarde

- **Ds Gerhard Stoltz (jr)** is aangestel as sekretaris van die Algemene Diakensvergadering (ADV) met ingang van 1 Januarie 2012. Ons wens hom en sy gesin voorspoed en seën toe op die pad vorentoe.

- Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel jaarliks 'n bedrag beskikbaar vir die bekroning van ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in 'n betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het. Verlede jaar is die beste artikels wat in 2008 verskyn het en aan die Akademie voorgelê is, beoordeel. **Prof Andries van Aarde** ontvang een van die pryse, gesamentlik vir die **twee artikels** *Paulus se versie van "draai die ander wang" – gedagtes oor geweld en toleransie* en *"Op die aarde net soos in die hemel": Matteus se eskatologie as die koninkryk van die hemel wat reeds begin kom het* wat albei verskyn het in *HTS Teologiese Studies.* Baie geluk, Professor!

Prof Yolanda Dreyer

- **Prof Yolanda Dreyer** is verkies tot 'n komitee van die Wêreldgemeenskap vir Reformatoriese Kerke (WGRK) wat bekendstaan as *The Global Network of Theologians*. Die funksie van die komitee is om die WGRK van advies te bedien wat teologiese sake betref.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 20 Januarie, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 12 Januarie: Di Annerie Conradie (Culembeeck) en Dawie Jacobs (Lichtenburg-Oos)
  - Vrydag 13 Januarie: Dr Frikkie Labuschagne (Sinodaal)
  - Saterdag 14 Januarie: Prof Piet Geyser (emeritus), di Japie Coetzee (Kempton Park-Oos), Chris de Beer (siekte-

emeritaat) en Tony Simpson (emeritus)

- Sondag 15 Januarie: Di Werner Olivier (Eendracht) en Chris Schoeman (Boksburg)
- Maandag 16 Januarie: Ds Hannes Viljoen (emeritus)
- Dinsdag 17 Januarie: Di Willie Roos (emeritus) en CJ van Wyk (Randburg)
- Donderdag 19 Januarie: Ds Martin Slabbert (Philadelphia)
- Vrydag 20 Januarie: Ds Martyn Redelinghuys (emeritus)

- **Gemeente Reitz** is op 2 Februarie 1992 gestig. Op **Sondag 5 Februarie** om 07:30 word 'n **spesiale dankdiens** gehou om die 20 jaar te gedenk, en stigterslede, oudlidmate en oudkerkraadslede is welkom om die erediens by te woon. Daar sal tee en koffie na die diens bedien word. Laat weet ouderling Wynand le Roux by 082 781 3988 indien u die geleentheid gaan bywoon.

- **Besoeke van ander predikante en gemeentes aan Zimbabwe 2012.** Ds Theuns Botha laat weet namens Gemeente Zimbabwe: "Gemeente Zimbabwe wil opnuut sy dank betuig aan almal wat in 2011 betrokke was by bediening en materiële hulp aan die gemeente. Dit word opreg waardeer. Besondere dank aan emeritus dr Fanie Pretorius en die vorige Administrateur, mnr Kobus Viljoen, vir hulp en ondersteuning deur die jare. Ons wil egter weer 'n beroep doen op predikante en gemeentes om betrokke te raak by die bediening en besoeke aan Gemeente Zimbabwe in Harare (NHKA) en die Gemeenskapskerk in Bulawayo (al drie Afrikaanse Kerke) om met ds Theuns Botha in verbinding tree. So kan ons weer soos in die verlede 'n besoekrooster opstel vir 2012. Harare word normaalweg een maal per maand deur ds Botha besoek, en Bulawayo het drie dienste per maand. Ons wil baie graag veral in Harare meer geleentheid skep vir eredienste deur predikante. Belangstellende gemeentes of predikante kan met **ds Theuns Botha** kontak maak by **camelhors@gmail.com** of ook meer inligting bekom by **ds Colin Hertzog** van Middelburg-Noord by **cechertzog@nhk.co.za**. Nogmaals dankie en onthou ons asseblief steeds in u gebede."

- 'n Vakature vir 'n **orrelis** het ontstaan by **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi). Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.



- 'n Interessante toevoeging tot vanjaar se *Almanak* is die lys van **gemeentes waarvan die name oor die jare verander het**. Die lys verskyn op bladsy 121, maar is ongelukkig nie volledig nie. Die onderstaande besonderhede kan ná Marikana ingevoeg word:

Marico	1923	Zeerust
Oost Rand	1925	Germiston
Plaston	1969	Witrivier
Pollakpark	1976	Springs
Poort	2008	Montana-Oos
Potgietersrus-Wes	1982	Piet Potgieter
Randfontein	1999	Sionspoort
Salisbury/Harare	2003	Zimbabwe
Springs	1976	Springs-Noord
Strydpan	1933	Delmas
Suidrand	1969	Johannesburg-Suid
Uitenhage	2002	Sionshoogte
Walvisbaai	2001	Namibkus
Welkom, St Helena en Riebeeckstad	2010	Goudveld
Zoutpansberg	1916	Pietersburg

* Die naam Zoutpansberg is amptelik tussen 1916 en 1921 deur Gemeentes Laeveld, Louis Trichardt en Messina steeds afwisselend gebruik.

(Die volledige lys is ook beskikbaar by **www.nhk.co.za** → So werk ons → Kerklike argief)

- Die landlynnommer van emerituspredikant **ds Buks en Alta van Heerden** is 058 622 1600. Dit vervang die ou nommer 058 623 0223.

- **Gemeente Vliegepoort** in Thabazimbi se landlyne is gesteel en Telkom gaan dit blykbaar nie weer herstel nie. Die gemeente se nommers verander dus soos volg: Die kerkkantoor se nommer is nou 082 251 0206, en die faksnommer bly dieselfde, naamlik 086 539 7861. Die nommer vir ds Hennie van der Linde by die pastorie is 071 681 0986; sy selfoonnommer bly dieselfde, naamlik 083 507 0335. Die sekretariële beampte en skriba vir registrasie, mev Christa Marshall, se nommer is nou 082 251 0206; die selfoonnommer bly dieselfde, naamlik 082 745 9986. Die NHSV-voorsitter, mev Michelle van der Linde, se nommer verander na 071 681 0986; die selfoonnommer bly dieselfde, naamlik 084 581 4642. Verander gerus die besonderhede op bladsy 106 in die nuwe *Almanak*.

- Die kontakbesonderhede van **Gemeente Primrose-Oos** se skriba vir registrasie is soos volg: Mev A Visagie (Annatjie), 082 656 1763 / **cicilija@vodamail.co.za**, faks 086 566 8499. Bring dit gerus so aan op bladsy 99 in die *Almanak*.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)** van 2012 vind plaas op 5 en 6 Junie, en op 6 en 7 November. Die tema is *Missionale Diakonaat. Saam in diens met verstand, hart en hand*. Dit vind plaas by Gemeente Wapadrant. Meer inligting sal mettertyd beskikbaar wees.

Beplande vergaderings

o Saterdag 14 Januarie:	NHSV Dagbestuur
o Maandag 16 Januarie (09:00):	Redaksie van *Konteks*
o Woensdag 18 Januarie:	Finkom van die Kinderhuise
o Donderdag 19 Januarie (10:00):	Redaksie van *Die Hervormer*
o Vrydag 20 Januarie:	Moderamen

Gelowige Gesinne Gesprek

Die Raad vir Gesinsorg en die Werkspan Jeugbediening rig graag die volgende uitnodiging aan die gesinne van ons Kerk:

Op Saterdag 11 Februarie van 09:00 tot 15:00 vind 'n groot saamtrek van gesinne van ons Kerk by Gemeente Montana plaas. Ons gaan saam besin oor die enorme taak waarmee ons in ons huise en gemeentes besig is (of veronderstel is om besig te wees). Vanuit hierdie gesprek wil ons graag soortgelyke gesprekke binne gemeentes en ringe stimuleer. Hierdie sal na alle waarskynlikheid die eerste van verskeie sulke gesamentlike gespreksgeleenthede wees. Streeksgesprekke kan moontlik ook oorweeg word.

Moet dit nie misloop nie. Veraf gemeentes kan dit oorweeg om twee of drie gesinne te stuur ten einde saam te kom praat. Naby gemeentes kan gerus baie meer stuur! Ons wil graag soveel gesinne moontlik by die geleentheid betrek.

Onder gesinne verstaan ons die hele gesin in al sy moontlike verskyningsvorme en lewenstadiums – pa, ma, kind(ers), enkelouers, pensioenaris/se en ook enige individu wat êrens deel vorm van 'n gemeente. Of jou gesin dus bestaan uit jy en jou man/vrou

en kind(ers) uit 'n eerste huwelik, en of julle 'n hersaamgestelde gesin is, en of jy/julle al afgetree is en êrens in 'n aftreeoord woon, en of jy nog nooit getroud is nie en as enkeling leef, en of jy 'n enkelouer is – jy/julle is hartlik welkom!

Datum, tyd en plek
11 Februarie 09:00 tot 15:00
Gemeente Montana
hv Azanza- Jan Bantjiesstraat, Montana, Pretoria

Kontaknommers te Montana
Kerkkantoor 012 567 1753
Ds Danie van der Watt 082 572 4855
Ds Thinus van Staden 084 589 7035

Beskikbare behuising

- Daar is **verblyf** beskikbaar **binne loopafstand van die Universiteit van Pretoria**, op die kerkterrein van Gemeente Philadelphia in Hatfield. Gratis parkering, elektrisiteit en water ingesluit. Vir meer inligting, kontak Esmé by 012 362 7237 of **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Huis Tafelberger.** Nuutopgeknapte kamer beskikbaar vir **selfversorgende bejaarde**. Huis Tafelberger is geleë in Monte Vista, Kaapstad, en is een van die tehuise van die NHSV. Navrae aan die voorsitter, mev Anna Hanekom, by 021 872 6301 of mev Joan van der Westhuizen by 021 558 6575, of ds Kathleen Smith by 021 551 5264.

Kampe

- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
  9 tot 11 Maart
  By Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Tema: *Steek 'n petunia in jou hoed en skaterlag!*
  Spreker ds Janine Bevolo-Manders
  R500 per persoon
  Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
  of **janapeenze@vodamail.co.za**

- **Komende Eerstejaarskampe**

  - **Stellenbosch Hervormers Aanvangskamp 2012**
    Saterdag 21 Januarie tot Dinsdag 24 Januarie
    Kom by kerk byeen vanaf 12:00 en vertrek 13:00 na kampterrein
    Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of **stellenbosch@nhk.co.za**

  - **Philadelphia Tuks Eerstejaarskamp 2012**
    Saterdag 21 Januarie tot Woensdag 25 Januarie
    Kampterrein naby Brits
    Sluit aan by groep op Facebook "TUKS NHK Philadelphia EJK 2012"
    Registreer by www.philadelphia.co.za
    Kontak Aniena (bemarker) by 082 293 9755,
    Timo (kampvoorsitter) by 083 426 3599,
    ds Martin Slabbert by 082 655 4787
    of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866
    (Timo skryf soos volg: *Dit is amper weer sulke tyd! Ja, tyd vir 'n nuwe jaar met nuwe moontlikhede, 'n nuwe begin en die afskop van 'n reis, 'n onvergeetlike reis op universiteit. Ons wil elke matrikulant en elke ander persoon wat in 2012 as eerstejaar in Pretoria kom studeer, uitnooi om op 'n besonderse manier kennis te maak met die studentelewe. Kom maak kennis met medestudente*

en vind die A-Z uit van wat die lewe op universiteit vir jou inhou. Ons prop die dae vol prettige aktiwiteite, van boeresport en nagmars tot hindernisbane en laataandsokkie. Op die registrasievorm is alle inligting oor benodigdhede, betaling, ensomeer. As jy 'n vriend of vriendin na die kamp bring, kry jy R50 afslag op die vasgestelde prys. Die prys van die kamp is R850.)

Basaars en markte

- **Saterdag 28 Januarie: Gemeente Nelspruit**
  Maroelafees en Buitelewe-ekspo
  By Nelspruit Rugbyklub
  In hoogseisoen van die maroela
  Van 08:00 tot laatmiddag, toegang gratis
  Gesinsvermaak
  Verskeie maroelaprodukte, geregte, resepteboeke te koop
  Woonwaens, tente, kampeertoerusting, veldvoertuie, kragopwekkers
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455 vir meer inligting

ANDER NUUS

- **VAKATURE: Sekretariële beampte by Direksie van die Kinderhuise en ADV**
  Vereistes:
  - Meelewende lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Naskoolse kwalifikasie of opleiding sal 'n aanbeveling wees.
  - Rekenaarvaardig in ten minste Microsoft Office.
  - Ten volle tweetalig.
  - Geldige rybewys.
  - Goeie kommunikasie- en organisasievaardighede.
  - Kennis van JOOMLA en databasisse sal sterk aanbeveling wees.

  Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.
  Beoogde datum van aanstelling 1 Maart 2012.
  Sluitingsdatum vir aansoeke: 20 Januarie 2012
  Aansoeke met CV aan mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; **mannekrag@nhk.co.za**; tel 012 322 8885; faks 012 322 7909.

- **Die *e-Hervormer* word tans na ongeveer 3 530 e-posadresse gestuur. Dit sluit predikante en gemeentes in, sowel as individue wat ingeskryf het.**

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059 of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Die uithaalbylaag wat van 2012 af in *Konteks* gaan verskyn, is 'n skitterende idee! Seker vyf jaar gelede het ek aan die redaksie voorgestel dat 'n rubriek waarin elke gemeente in die Kerk geleentheid kry om hulself bekend te stel in *Konteks* opgeneem moes word. Hierdie uithaalbylaag is so welkom – om die Kerk bekend te stel aan die res van die Kerk en hul werksaamhede."

Ds Leon Janse van Rensburg
Gemeente Namibkus (en skriba: Ring van Dorsland)

AGTERBLAD



Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx